Die Afrikaner
sedert 1970
R10
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898
Nr 2169 10 September 2021

## *Linkse Amerikaanse aanbieder plant 'n saadjie:*

# "Geen mediese hulp vir ongeëntes"

Die kwessie van inentings vir Covid-19 is besig om 'n vuurwarm debat te word, met onderliggende dreigemente dat daar 'n Covid-paspoort uitgereik kan word aan mense wat geënt is, wat hulle voordele gee en dat ongeënte mense sekere voordele gaan verbeur.

Die Grondwetlike Hof gaan waarskynlik eersdaags 'n mening moet uitspreek of geloofsbeginsels genoegsame rede is om die entstof te weier, en of werkgewers of selfs die staat mense mag dwing om die inenting te neem.

Intussen word wyd bespiegel oor die veiligheid al dan nie van die Sjinese virus se entstowwe. ***Die Afrikaner*** het dit goedgedink om 'n lywige maar insiggewende meningsartikel deur 'n voormalige HNP-jeugleier en voormalige redaksie-lid van ***Die Afrikaner*** te publiseer oor sy persoonlike standpunt oor die onderwerp, en ons hoop om daarmee waarde aan die debat te voeg. Die artikel verskyn op bl. 5.

Hoe ver die veldtog vir inentings gevoer gaan word, is tans nog onseker. In Amerika het die ver-linkse mede-aanbieder van "*The View*", Joy Behar, die gedagte begin propageer dat oningeënte mense nie mediese hulp verdien nie, omdat hulle "gekies het om die wetenskap te trotseer" en "gekies het om na die leuens te luister van *Fox News*", omdat pasiënte met ander behoeftes nie hospitaalbeddens sou kon kry nie. Dit beteken dat daardie mense dus willens en wetens aan die dood oorgelewer sou word, terwyl byvoorbeeld kankerpasiënte wat bestraling of chemoterapie sou weier, wel behandel sal word. Die vraag is dan ook wat sal die geval wees met behandeling van mense wat byvoorbeeld rook?

Dit wil egter voorkom of hierdie 'n poging sou kon wees om sodoende van die "moeilike" mense ontslae te raak, want diegene wat nie dadelik bereid is om die entstof te neem nie, is meestal die meer kritiese en ondersoekende deel van die bevolking wat nie in linkse kringe welkom is nie.

Met die plaaslike regeringsverkiesings wat op 1 November vanjaar gaan plaasvind, sal dit nie verbaas as daar ook 'n inentingsvoorwaarde aangekoppel gaan word nie. Die feit dat daar egter reeds bespiegel word dat die inperkingsvlak verlaag gaan word sodat groter byeenkomste kan plaasvind en politieke partye werwing kan doen, plaas 'n verdere vraag oor die aard van die toestand en die maatreëls wat telkens ingestel word.



*Dit was sopas die 55ste herdenking van die sluipmoord op die destydse eerste minister, dr. HF Verwoerd, in 1966 in die Suid-Afrikaanse parlement.*

*Lees gerus die kommentaar daaroor op bl. 2.*

**Bl. 12-14: Sarel Super se politieke dinge**

**Bl. 15: Woord en wêrled**

**Bl. 16: Katrien**

Die Redakteur.........

## Besinning oor dr. HF Verwoerd na 55 jaar

Dit was 6 September die 55-jarige herdenking van die moord op dr. HF Verwoerd, destydse eerste minister van Suid-Afrika. Hy is die middag in die parlement in Kaapstad vermoor deur Demitri Tsafendas.

Die geskiedenis het sedert daardie dag 'n totaal ander wending ingeneem, maar ook voor sy dood was daar 'n geweldige venyn te bespeur uit Engelse en linkse kringe.

In sy boek "Van Malan tot Verwoerd", skryf BM Schoeman, wat ook voorheen redakteur van ***Die Afrikaner*** was: "'Verwoerd must go!' Dit is die wanhoopskreet wat teen die einde van dr. Verwoerd se bewind al luider uit die opposisie-kringe in Suid-Afrika opgeklink het. In 'n sekere sin was dit 'n betuiging van 'n gevoel van magteloosheid van die Afrikaner se politieke vyande; in 'n ander sin was dit 'n erkenning van die onaantasbare posisie waarin dr. Verwoerd op daardie oomblik verkeer het. Hendrik Verwoerd was die één man wat tussen die Afrikaner en sy vyande gestaan het. Solank hy daardie posisie ingeneem het, sou die politieke gang van sake nie verander kon word nie. Verandering is geëis en verandering sou daar kom – maar eers wanneer die man Verwoerd van die toneel verdwyn het."

Dit was inderdaad die geval. Die linkse en Engelse pers het gehoop op 'n rebellie in die Nasionale Party om Verwoerd te vervang. Maar net tevore het die NP onder Verwoerd die grootste meerderheid gekry in die algemene verkiesing. 'n NP-skeuring was dus wensdenkery en 'n strooihalm. Wat die linkse politici en media nie kon regkry nie, het 'n uitlandse bode van die parlement, wat al tevore gedeporteer was, reggekry met 'n mes was met groot bedrewenheid 'n einde aan hierdie politieke reus gemaak het.

In sy boek, "Die Era van Verwoerd", tref mnr. Jaap Marais 'n interessante vergelyking tussen Verwoerd en Julius Caesar. "Sluipmoord op 'n leier bly steeds ongewoon, al het dit dikwels gebeur", skryf Marais. "En na gelang van die stuur van die betrokke leier, het sy val weens sluipmoord groot politieke golwe veroorsaak.

"Die bekendste geval is dié van Julius Caesar, een van die heel belangrikste historiese figure, omdat hy in die sentrum van Romeinse mag gestaan het toe Rome die sentrum van wêreldmag was.

"In die kleiner samehang was dr. Hendrik Verwoerd in die sentrum van mag in die mineraalryke Suider-Afrikastreek, hoewel tegelyk in die groter samehang van die wêreldwye stryd in verband met rasseverhoudings.

"In een opsig is daar 'n teenstelling in miskien die belangrikste politieke dade van dié twee manne. Caesar se ingrypendste stap was om die Romeinse staat oor die Rubicon binne te gaan, met die doel om die mag te gryp en die republiek te beëindig. Dit het 'n bloedige botsing geword.

"Dr. Verwoerd, aan die ander kant, het die republiek tot stand gebring, en ondanks dreigemente van 'n goeie Engelsman soos Douglas Mitchell dat Natal sou afskei, en dreigemente van Nelson Mandela om deur landwye stakings die inhuldiging van die eerste Staatspresident in Mei 1961 te verhoed, het die Republiek van Suid-Afrika sonder geweld tot stand gekom.

"Watter verskil daar ook al was tussen dié twee staatsmanne se persoonlike hoedanighede, metodes en loopbane, hulle was uitsonderlik begaafde mense. Dr. Verwoerd was as staatsman, net soos Caesar, gekenmerk deur drie hoedanighede: grenslose vitaliteit, wysheid van visie en snelheid van beslissing. Albei is op kritieke tye na bo gestoot tot heerskap en het in die tuig gesterf weens politieke sluipmoord. Albei se werk was onafgedaan," skryf mnr. Marais.

Mnr. Marais gaan dan verder deur daarop te wys dat Caesar kon sorg vir opvolging deur sy suster se kind aan te neem, en, na 'n burgeroorlog, verwoesting en bloedvergieting, kon Octavius uiteindelik Caesar se werk voortsit. "In die geval van dr. Verwoerd kon hy in die demokratiese bestel nie 'n opvolger aanwys nie, en het hy seker ook nie gedink dat hy reeds in daardie stadium op een of ander wyse sy voorkeur moes betuig om sodoende die opvolging te beïnvloed nie. In dié geval het die opvolging derhalwe op 'n man te rus gekom wat dr. Verwoerd se werk nie voortgesit het nie, maar dadelik begin aftakel het," skryf mnr. Marais.

'n Verdere ooreenkoms tussen Caesar en Verwoerd wat mnr. Marais uitwys, is dat beide hul vyande bevorder het. Dr. Verwoerd het sy vroeëre teenstanders, John Vorster en PW Botha, bevorder, en selfs die land se veiligheid in Vorster se hande gelaat. Hy het daardeur verwag dat die verlede begrawe sou word en dat hulle as Afrikanerna-

sionaliste die voortsetting van sy werk sou help verseker as hy nie meer daar sou wees nie.

Mnr. Marais se verdere waarneming is "dat dié wat dr. Verwoerd tydens sy lewe teengestaan het, vyf en twintig jaar na sy dood (op daardie stadium het mnr. Marais die boek geskryf. Red.) verbete veg om sy nagedagtenis af te breek, is klaarblyklike getuienis van die mistieke mag wat aan 'n heldefiguur kleef. Die verval en agteruitgang na dr. Verwoerd se dood, net soos in die geval van Caesar, is nie bewys van mislukking van sy staatsmanskap nie. Die verantwoordelikheid daarvoor rus op dié wie se doen en late sy lewe kortgeknip het voordat sy beleid ten volle kon ontplooi het, en op dié wat nie net sy werk nie voortgesit het nie, maar dit ontdoen het." Sover die geskrif van mnr. Jaap Marais oor dr. Verwoerd.

Wat egter hierdie jaar opmerklik was met die 55ste herdenking van sy heengaan, was die jonger geslag se opmerkings daarvan op sosiale media. Talle inskrywings is gemaak, byna almal met die strekking dat dinge anders sou gewees het as dr. Verwoerd nie vermoor is nie. Selfs die gebruiklike geniepsighede vanuit linkse kringe het ontbreek.

Ons sluit hier (met toestemming van die outeur) af met 'n inskrywing op *Facebook* van 'n latere geslag – iemand wat die geskiedenis duidelik bestudeer het, en wat dit vergelyk met vandag.

Die inskrywing onder die naam van Marlene Silwerstene lui: "Die moord op Dr H.F. Verwoerd was rigtingbepalend vir die toekoms van Suid-Afrika.

"Op 6 September 1966 is dr. HF Verwoerd met vier dolksteke vermoor.

"Met sy dood het Suid-Afrika sy vryheid verloor. Dit het die deure oopgemaak vir diegene wat nie in die mense van die land enige belang gehad het nie, maar eerder hulle finansiële belange voorop gestel het.

"Dit het die doodsklok gelui vir 'n eens welvarende land, met 'n sterk Rand- wisselkoers, 'n land wat selfversorgend was op talle gebiede, wat goedere vervaardig het wat wêreldwyd uitgevoer is. Destyds was die Suid-Afri-kaanse universiteitskwalifikasies hoogs aangeskrewe, en dít wêreldwyd.  Die land het 'n opvoedkundige sisteem gehad wat toegang gebied het tot skolastiese en tersiêre opleiding vir selfs die armstes in die bevolking. Misdaad was haas onbekend, 'n mens hoef nooit jou huis, jou kar eens toe te gesluit het nie!

"Ons het groot geraak in 'n omgewing waar ons wedersydse respek en begrip vir mekaar geleer is, elkeen sy wyse van doen en late volgens sy kultuur en tradisies gegun was, elke bevolkingsgroep het die geleentheid gehad om volgens sy eie waardestelsel te groei en ten volle te ontvou, maar helaas, dit het nie in die planne van die Nuwe Wêreldorde en hulle trawante gepas nie! Hulle het die wiele aan die rol gesit om 'n  eiesoortige bestaan, 'n veilige omgewing, voorspoed vir mens en dier, asook die beskerming van die natuurlike omgewing te vernietig vir hul onblusbare geld- en magsug!

"Ons sit nou met 'n land sonder behoorlike grensbeheer, wat derduisende geluksoekers (en ook kriminele!) die geleentheid gee om die land ongestoord binne te kom, dit hou 'n ernstige veiligheidsrisiko in vir die land en sy bevolking, dit skaad die ekonomie, die bietjie wat nog daarvan oor is, dit hou 'n gesondheidsrisiko in vir hierdie land se bevolking, want dis onbekend watse siektes hulle aandra, dit plaas 'n ongelooflike stremming op infrastruktuur soos mediese dienste, skolastiese opleiding, behuising, sanitasie, voedings- en waterbronne, hierdie bronne is beperk en kan net 'n sekere aantal mense dra. Suid-Afrika was op 'n agterbakse manier ingetrek in die globalistiese wêreld sonder grense, sonder eiesoortigheid, sonder enige vorm van beskerming. Die gevolg is dat ons geen weermag het waarop die land kan staatmaak vir die beskerming van die land se grense nie, polisiedienste het in duie gestort, so ook die opvoeding van die land se mense, gesondheidsdienste is in 'n haglike toestand, water- en eletrisiteitsvoorsiening het ook erg agteruitgegaan. Ons sit nou met 'n land wat in totale wanorde verval het, waar moord en doodslag aan die orde van die dag is, waar mense mekaar erg wantrou, 'n bevolking sonder enige morele waardes, sonder trots en sonder 'n toekoms!

"Gevolglik kan net diegene oorleef wat geld het om hul lewenskostes te dek, wat hulself kan verdedig in geval van nood. Elkeen net vir homself!  Dít in teenstelling van waarvoor dr. HF Verwoerd se siening was: 'n land van voorspoed vir almal, veilig, elkeen volgens sy eie kultuur en tradisies met wedersydse respek, sy beginsels was gegrond op 'goeie buurmanskap', soos wat hy dit genoem het. Hy was 'n vêrsiende man, wat die volke van Afrika geken het en net die beste wou gehad het vir ieder en elk."

Solank ons 'n nuwe geslag het wat hierdie dinge raaksien, bly daar hoop vir ons volk se toekoms!

# JA vir Afrikaanse Programme




JA, kort vir Jou Afrikaans, is ‘n stromingsdiens wat op 1 Junie afgeskop het.

Op JA kan goue oues soos Vyfster, Agter Elke Man, Koöperasiestories en ’n verskeidenheid van ou films en kinderprogramme, sowel as ’n verskeidenheid nuwe reekse, films, dokumentêre programme, opvoedkundige programme, musiek en verhoogproduksies geniet word, alles in Afrikaans.

JA se direkteure is André en Samuel Frauenstein met Steve Hofmeyr as ambassadeur. Hierdie pa en seun is die vervaardigers van onder andere films soos Mignon “Mossie” van Wyk, Trouvoete en Treurgrond. Hulle droom al etlike jare daarvan om ‘n Afrikaanse stromingsdiens te skep, daarom het hulle verlede jaar tydens die grendeltydperk besluit om werk te maak daarvan. Samuel sê alhoewel die vervaardiging van rolprente nog altyd een van hul groot liefdes was, het hulle besef dat vermaak by die huis die nuwe norm gaan word.

Ondanks mededingers soos Netflix, Showmax en Amazon Prime het hulle besluit om hul JA-droom te realiseer omdat daar geen ander stromingsdienste is wat op Afrikaans fokus nie. Dit was belangrik om ‘n platform te skep waar ou en nuwe programme kan saamleef, ‘n platform wat sorg dat Afrikaans beskerm en uitgeleef word omdat dit broodnodig is vir Afrikaanssprekende mense om ‘n waarlik vrye taal en kultuur te hê.

Steve sê die ideaal is dat JA die maatstaf van Afrikaanse stromingsvermaak in die wêreld sal word. Hy wil hê dat JA vir die publiek en vir vervaardigers ‘n veilige hawe sal wees waar ons taal en kultuur geniet en uitgebou word. JA bied vir opkomende akteurs en rolprentmakers ‘n geleentheid om hul passie sonder inmenging uit te leef. Werksgeleenthede word verskaf aan ‘n bedryf wat tans bloei weens afleggings wat teweeg gebring is weens die Covid-19 pandemie, ‘n gebrek aan platforms en ekonomiese druk. Steve sê hy is baie opgewonde om weer terug te keer na die kassie en sal in verskeie produksies op JA te sien wees. Hy is trots om geassosieer te word met ‘n platform wat geskiedenis maak en wat die Afrikaanse kultuur en taal vereer. JA ontdek en ontgin nuwe talent in die vorm van skrywers sowel as akteurs.

JA kan oral saam gaan, want hulle het ‘n wêreldklas toepassing ontwikkel wat by Google Play Store of App Store afgelaai kan word, en kan in enige land ter wêreld gebruik word waar daar internettoegang is.

JA is die eerste Afrikaanse stromingsdiens en teen R80,00 per maand word Afrikaans uitgebou en word goue oues bewaar deur om dit van band na digitaal te verwerk en dit op Jou Afrikaans se stromingsdiens beskikbaar te stel. JA wend 50% van intekenaars se maandelikse fooi aan vir die vervaardiging van nuwe Afrikaanse films, reekse en dokumentêre programme.

JA skep werk deur middel van die vervaardiging van nuwe produksies, terwyl hulle ook help met die beskerming en onderhoud van monumente, en ploeg terug in die gemeenskap deur middel van liefdadigheidsprojekte.

JA bied vir ***Die Afrikaner*** se lesers een maand se gratis inskrywing wanneer hulle aansluit by JA. Kontak **inligting@jouafrikaans.co.za** en kyk by www.jouafrikaans.co.za.

***Die Afrikaner***



Tel.: 079 752 4898 admin@hnp.org.za

**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf
vandegraafhenk@gmail.com

**Uitleg en tegniese versorging:** Juanita Powroznik
Carin de Beer

**Medewerkers:** Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mev. Alet Murray
Ds. Gideon Grobler
Mnr. Rudolf Buitendach

# Is die Sjinese virus se entstowwe veilig en effektief?

**Deur Jan-Tinus Smuts**



*Mnr. Jan-Tinus Smuts*

"Ons is op die rand van 'n wêreldwye transformasie. Al wat ons benodig is die regte groot krisis en al die nasies sal die Nuwe Wêreld Orde aanvaar," het wyle David Rockefeller op 14 September 1994 by die VN Besigheidskonferensie gesê. Sy familie is internasionale bankiers wat na bewering deel is van 'n komplot om 'n een wêreld diktatuur te vestig. Daar is ook bewerings dat dit deel van die Geldmag (wat "Big Tech" en "Big Pharma" insluit) se planne is om die wêreldbevolking drasties te verminder en dat Covid-19 en die entstowwe daarteen, deel uitmaak van hierdie planne.

Niemand sal kan ontken dat die Covid-19 pandemie kwalifiseer as so 'n "groot krisis" soos waarvan Rockefeller gepraat het nie. "Big Pharma" sluit ook maatskappye soos byvoorbeeld Pfizer en Johnson & Johnson in.

**...- een wêreld, as jy wil. As dit die aanklag is, staan ek skuldig en ek is trots daarop."**

By geleentheid het mnr. David Rockefeller erken dat hy en sy familie deel is van 'n plan om 'n eenwêreldregering daar te stel: "Sommige glo dat ons deel is van 'n geheime kabaal wat teen die beste belange van die VSA werk en word ons as "internasionaliste" gekaraktiseer en dat ons in 'n sameswering met ander van reg rondom die wêreld is om 'n meer geïntegreerde globale politieke en ekonomiese struktuur te vestig - een wêreld, as jy wil. As dit die aanklag is, staan ek skuldig en ek is trots daarop."

Hoofstroommedia en regerings beweer egter die entstowwe is veilig... Volgens hulle is dit net "fopnuus" dat daar 'n komplot is en ook fopnuus dat die entstowwe gevaarlik is. Regerings en gesondheidsinstansies moedig mense aan om die entstowwe te neem. In Suid-Afrika moedig ook die Solidariteitbeweging (waarvan Afriforum deel is) mense aan om die entstowwe te neem. Volgens mnr. Flip Buys van Solidariteit is die "entstowwe veilig" en op *Twitter* het hy beweer daar "is seker al jare" se navorsing daaroor gedoen. Die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WGO) is egter op 30 Desember 2019 vir die eerste keer ingelig van mense wat in Wuhan, Sjina, siek is van 'n onbekende virus wat later bekend sou word as Covid-19.

**...twee van die mees invloedrykste meningvormers: Hollywood en die media.**

Dit is dus vir die gewone man en vrou op straat baie moeilik om te weet wie hulle moet glo en wat die waarheid is. In Sosiologie as wetenskap word gepraat van die mens se geloofwaardigheidstruktuur (*plausibility structure*).

Dinge daarbinne word onmiddellik geglo; dinge wat dit weerspreek, word eenvoudig nie geglo nie. 'n Persoon se geloofwaardigheidstruktuur word gevorm deur wat hy leer op skool en universiteit, deur sy familie, vriende, die regering, maar seker ook twee van die mees invloedrykste meningsvormers: Hollywood en die media.

As ons rolprent na rolprent kyk waarin die hoofkarakters almal dieselfde glo en dieselfde optree, neem ons geleidelik onbewustelik die idee op dat dít is hoe 'n mens veronderstel is om op te tree. Dieselfde met televisie en die hoofstroommedia. Wanneer sekere idees as "feite" herhaal word op 'n

*(Vervolg op bladsy 6)*

(Van bladsy 5)

gereelde basis, begin mense dink dat dit dan die waarheid moet wees. Enigiets anders, ongeag hoe goed dit gemotiveer en bewys word, sal by die gemiddelde mens as "fopnuus" beskou word.

Tans word die mensdom wêreldwyd gebombardeer met Covid-19 pro-entstof propaganda. Mense hoor by hulle opvoedingsinstellings, regerings, gesondheidsinstellings en plaaslike media dat die Covid-19-entstowwe "veilig" is. Stelselmatig verander 'n bevolking se geloofwaardigheidstruktuur. Dit is bitter min mense wat sterk genoeg wilskrag het om objektief te bly dink onder sulke omstandighede.

## Is die sogenaamde entstowwe veilig?

As mens hoofstroommedia en regerings glo, dan is dit. Die indruk word geskep dat die wetenskap "bewys" het dat die entstowwe veilig is. Wat min mense egter besef, is dat wanneer wetenskaplikes of medici tans hulle bekommernisse oor die "entstowwe" uitspreek, dan word hulle geïsoleer en geviktimiseer. Hulle word gedreig en gediskrediteer. Dit is nie "polities korrek" om teen "Big Pharma" en die Covid-19-"entstowwe" te praat nie. Dit beteken moontlik die einde van 'n wetenskaplike of dokter se loopbaan indien hulle dit sou durf waag om hul eerlike mening te gee oor die gevare verbonde aan hierdie "entstowwe" wat in rekord tyd ontwikkel is.

Dit is 'n feit dat wetenskaplikes wat in die verlede bewyse gevind het wat die algemeen aanvaarde mediese wetenskap verkeerd bewys het, erg geviktimiseer was en hulle het nie weer maklik befondsing vir navorsing gekry nie. Daarenteen het wetenskaplikes wat in lyn met die aanvaarde idees oor wetenskap, verdere "bewyse" daarvoor gekry het, maklik befondsing gekry.

'n Mens kan verstaan waarom medici en wetenskaplikes onder sulke omstandighede versigtig sal wees om nou teen Big Pharma se "entstowwe" bewyse te lewer en hulleself teen dit uit te spreek. Al kan hulle bewys die "entstowwe" is gevaarlik en nie behoorlik getoets nie, weet hulle dat hulle deur die "*establishment*" genadeloos aangeval en gediskrediteer sal word.

Twee voorbeelde is in die redaksionele kommentaar van ***Die Afrikaner*** van 26 Augustus 2021 genoem: "**Dr. Susan Vosloo** word by die mediese raad aangekla van "onetiese gedrag", omdat sy net gesê het dat daar bepaalde risiko's is om ingeënt te



word, en dat van die maatskappye wat entstof maak, al voorheen by onetiese praktyke verbind was. Sy stel 'n feit, en is bloot versigtig. Dit is egter nie meer toelaatbaar nie, en waar sy een van die knapste hartspesialiste is, is al haar kennis en ervaring skielik niks werd nie, omdat sy nie klakkeloos saamsing met die koor van die "*establishment*" nie.

Dieselfde lot tref **prof. Tim Noakes**. Hy het bloot gesê dat die Covid-entstof nie met ander entstowwe soos vir pokke en masels vergelyk kan word nie, want dit voldoen nie aan die definisie van 'n entstof soos hy op mediese skool geleer het nie. Sy vrees is dat mense mislei word, en hy vra net vir deursigtigheid – iets wat nie meer werklik bestaan as dit gaan oor die Covid en entstof debatte nie. Ene prof. Shabir Madhi van Wits het aanbeveel dat prof. Noakes sy geld van die mediese skool moet terughaal."

Eerlike wetenskap is wanneer wetenskaplike menings van kundiges altyd gerespekteer word in belang van die waarheid en dan kan daar gesprek oor gevoer word. Dit is 'n feit dat die Covid-19-"entstowwe" nie voldoen aan die vereistes van 'n tradisionele entstof nie. Daar is verskillende fases waardeur 'n potensiële entstof moet gaan, voordat dit goedgekeur kan word vir menslike gebruik. Die tydperk daaraan verbonde is ten minste tien jaar... Die sogenaamde "entstowwe" wat nou beskikbaar is, is nie so lank getoets nie. Die entstof teen polio het byvoorbeeld 47 jaar gevat om ontwikkel en goedgekeur te word.

**Dr. Jean Maritz**, kliniese viroloog by Pathcare asook 'n senior lektor by die fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch, is 'n groot ondersteuner van die Covid-19-entstowwe. Volgens 'n artikel op Solidariteit se webwerf (22 Januarie 2021), het hy egter die volgende aan hulle erken: "Daar is nog nie sekerheid oor die langtermyn-uitwerking van die vaksine nie,

(Vervolg op bladsy 7)

*(Van bladsy 6)*

bloot omdat ons nog nie die tyd gehad het (vyf tot tien jaar) om dit te bepaal nie. Data oor die uitwerking op die vaksienkandidate is nog net vir die afgelope ses tot agt maande beskikbaar, en die langtermyn-effek daarvan sal dus eers later bepaal kan word."

Daar is wêreldwyd top-wetenskaplikes wat hul kommer oor die Covid-19 entstowwe uitspreek. **Dr. Astrid Stückelberger**, 'n Switserse kenner van openbare gesondheid, doen en evalueer wetenskaplike navorsing vir beleidmakers soos die WGO en die Europese Unie al reeds vir 25 jaar lank. Sy is bekommerd oor botsende belange by die WGO asook hulle totale gebrek aan etiek. Dr. Stückelberger is veral bekommerd oor die manipulasie van gesondheidsorg om 'n wêreldwye diktatuur te skep, oortredings van die Neurenbergkode, sowel as bedreigings vir ons gesondheid en welstand as gevolg van Covid-toetsing en "entstowwe" en 'n verskeidenheid nuwe tegnologieë. Die onderhoude met haar is beskikbaar op https://planetlockdownfilm.com/full-interviews/ en lesers word aangeraai om al drie video-onderhoude wat met haar gevoer is te kyk. Nog 'n top-wetenskaplike wat waarsku dat die Covid-19 entstowwe nie veilig is nie, is **Prof. Byram Bridle** wat 'n top virale immunoloog is. "Nuwe navorsing toon dat die Koronavirus spike-proteïen uit Covid-19-inentings onverwags die bloedstroom binnedring, wat 'n aanneemlike verklaring is vir duisende van die gerapporteerde newe-effekte van bloedklonte en hartsiektes tot breinskade en voortplantingsprobleme," het prof. Bridle gewaarsku. Volgens hom is 'n groot fout begaan met die vervaardiging van die entstowwe teen die Sjinese virus. Hy is natuurlik vanuit alle oorde veroordeel oor sy standpunt.

## ...word juis versprei deur mense wat die inenting ontvang het...

Die Franse viroloog en Nobelpryswenner, **Luc Montagnier,** het ook teen die Covid-19 entstowwe gewaarsku: "Dit is duidelik dat die nuwe variante as gevolg van die inenting deur teenliggaam-gemedieerde seleksie geskep word." Met ander woorde, die nuwe variante word juis versprei deur mense wat die inenting ontvang het...

Volgens 'n Franse mediese professor, **Christian Perronne**, is ingeënte mense die gevaar vir ander. "Dit is nou in verskeie lande bewys dat veral mense wat ingeënt is, in kwarantyn geplaas moet word. Ongeënte mense is nie gevaarlik nie, ingeëntes is 'n gevaar vir ander," aldus prof. Perronne (lees die volledige berig in ***Die Afrikaner*** van 26 Augustus 2021).



*Prof. Byram Bridle*

Hy was lank voorsitter van 'n komitee wat die Franse regering adviseer oor inentingsbeleid.

Die gedwonge massa-inenting van die mensdom sal beskou word as een van die dodelikste en duurste mediese foute in die geskiedenis, het 'n bekende pionier in die vroeë behandeling van die Covid-19-siekte, die kardioloog en internis van Texas, **dr. Peter McCullough**, gesê. Hy het verwys na die mees onlangse data van die Amerikaanse "Vaccine Adverse Event Reporting System" (VAERS), asook data vanaf Brittanje en Israel waar Covid-19-gevalle vermenigvuldig het onder mense wat reeds ingeënt is. Hy verwys na regerings wêreldwyd wat opsetlike disinformasie en propaganda versprei wat voorgee dat die "entstowwe" effektief en veilig is. Die werklikheid is egter presies die teenoorgestelde.

Israel was die eerste land wat sy bevolking met Pfizer ingeënt het. Tagtig persent van die volwassenes daar is volledig ingeënt, maar Covid-19-gevalle en ernstige hospitalisasies het sedert die begin van Julie twintigvoudig toegeneem. Die media het beweer dat die ernstigste nuwe gevalle onder die oningeëntes was, terwyl hulle versuim het om te meld dat die meerderheid (meer as 80%) van die nuwe gevalle wat deur die Israeliese ministerie van gesondheid aangemeld is, juis onder ingeëntes is. Ten spyte daarvan dat hulle ingeënt is, het hulle so ernstig siek geword dat hulle in die hospitaal opgeneem moes word... Dit behoort vir enige regdenkende mens rooiligte te laat flikker!

*(Vervolg op bladsy 8)*

(Van bladsy 7)

In die Verenigde Koninkryk het meer as 'n driekwart van die volwasse bevolking (76%) twee dosisse van 'n Covid-19-inspuiting ontvang en byna 90% van die volwassenes het ten minste een dosis gekry. Tog het die aantal Covid-19-pasiënte wat in die hospitaal opgeneem is, sedert die begin van Junie vanjaar sewevoudig gestyg. Die mees onlangse Britse verslag oor 'variante van kommer' wat deur *Public Health England* gepubliseer is, het aan die lig gebring dat 58% van die sterftes deur Covid-19 onder die volledig ingeëntes is. Die getal styg tot 67% wanneer diegene ingesluit word wat 'n enkele dosis van 'n Covid-19-entstof inspuiting gekry het.

Volgens 'n artikel wat deur die Stigting vir Ekonomiese Opvoeding (*Foundation for Economic Education* (FEE)) gepubliseer is, het "nuwe navorsing bewys dat natuurlike immuniteit eksponensieel meer beskerming bied as Covid-19-entstowwe. Anders gestel, mense wat ingeënt is, was 27 keer meer geneig om 'n simptomatiese Covid-infeksie te kry as diegene met natuurlike immuniteit teen Covid-19." **Martin Kulldorff**, professor aan die Harvard Mediese Skool, het volgens FEE gesê navorsing wat toon dat natuurlike immuniteit eksponensieel meer beskerming bied as entstowwe, beteken dat entstofpaspoorte onwetenskaplik en diskriminerend is. Volgens prof. Kulldorff verkry mens natuurlike immuniteit teen Covid-19 indien jy reeds die siekte onderlede het of gehad het.

**Michael Yeadon** was 'n wetenskaplike navorser en vise-president by die dwelmreus Pfizer Inc. Hy was medestigter van 'n suksesvolle biotegnologie. Einde verlede jaar was die semi-afgetrede Britse wetenskaplike mede-outeur van 'n petisie aan die Europese gesondheidsreguleerder, waarin hulle die reguleerder vra om die kliniese toetse met Covid-19-entstof te stop. Hulle het gewaarsku dat die Covid-19 entstowwe onvrugbaarheid by vroue kan veroorsaak.

Wat sal die motief wees vir al hierdie top-wetenskaplikes en kenners om hulle reputasies op die spel te sit deur teen die stroom op mense teen die "entstowwe" te waarsku? Wat kan hulle daardeur wen? Die antwoord is: níks nie. Hulle waarsku mense omdat hulle glo dit is hulle plig om dit te doen, ten spyte van die gevolge vir hulle eie loopbane en reputasies. Anders as met wetenskaplikes wat beweer die Covid-19-"entstowwe" is veilig, kan daar nié beweer word dat wetenskaplikes wat téén die "entstowwe" is deur die groot farmaseutiese maatskappye omgekoop is nie.

Die eerste na-doodse ondersoek ooit van 'n pasiënt wat teen Covid-19 ingeënt is, het aan die lig gebring dat virale RNA (spike-proteïene) in elke orgaan van die pasiënt se liggaam gevind is, wat beteken dat die entstof óf ondoeltreffend is óf dat die Koronavirus eintlik vinniger by ingeëntes versprei. Die wetenskaplike verslag uit Duitsland wat in Junie deur die *International Journal of Infectious Diseases* gepubliseer is, het die lykskouing van 'n 86-jarige man wat 'n enkele dosis van die SARS-CoV-2-entstof gekry het, ondersoek wat vier weke later dood is nadat hy besmet met die Sjinese virus geraak het.

Daar kan nog baie geskryf word oor redes waarom die sogenaamde "entstowwe" nie veilig is nie, maar 'n enkele artikel is te kort daarvoor. Daar is byvoorbeeld nog die mense wat deelgeneem het aan die Pfizer-proewe. Hulle het baie ernstige neweeffekte ervaar, maar Pfizer het dit onder die mat ingevee en hoofstroommedia swyg daaroor. As mens kyk na die geskiedenis van die groot farmaseutiese maatskappye, dan is dit skokkend hoe uiters oneties hierdie maatskappye optree. Hulle gee duidelik glad nie om vir menselewens nie, al waarin hul belangstel is om nog meer geld te maak. En gesonde mense beteken minder geld vir hulle...

In 2009 was Pfizer gedwing om $2.3 miljard te betaal as gevolg van hulle onetiese optrede. Dit het 'n rekord boete van $1.3 miljard ingesluit omdat hulle skuldig bevind is aan 'n strafregtelike oortreding. Pfizer het onder andere dokters omgekoop. 'n Fluitjieblaser het beweer dat verkoopspersoneel aangemoedig is om Bextra aan dokters te verkoop vir toestande waarvoor die geneesmiddel nie goedgekeur was nie en in dosisse tot agt keer die aanbevole hoeveelheid: "By Pfizer moes ek ten alle koste die wins verhoog, selfs as verkope lewens in gevaar stel. Ek kon dit nie doen nie," het hy gesê.

Johnson & Johnson het ook onveilige produkte aan die publiek verkoop, wat gelei het tot 'n aantal produkherroepings en hofsake deur die jare. Byvoorbeeld, in 2018 het 'n jurie in Missouri die maatskappy beveel om $4,7 miljard skadevergoeding aan 22 vroue te betaal wat beweer het Johnson & Johnson se babapoeier-produkte het eierstokkanker by hulle veroorsaak.

(Vervolg op bladsy 11)

**HUTTEN-BUCHDIENST**



Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
**hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

# Buiteland



## Frankryk begin met "verhoor van die eeu"



Die langverwagte verhoor het uiteindelik in Parys begin teen die twintig verdagtes weens die rol wat hulle gespeel het tydens die aanvalle in Parys in November 2015. Benewens die hoof beskuldigde, die 31-jarige Salah Abdeslam, die enigste oorlewende terroris, is elf ander Belgiese beskuldigdes.

Die aanvalle van 13 November 2015 op die Stade de France, die Bataclan konsertsaal en 'n reeks kafees en restaurante het Parys in die hart getref en 130 onskuldige slagoffers is dood en 350 gewond. Nege van die tien terroriste wat die aanvalle gepleeg het, is ook die nag en die dae daarna dood. Abdeslam en die meeste van die ander 19 beskuldigdes staar lewenslange tronkstraf in die gesig. Volgens aanklaers het byna almal 'n rol gespeel in die voorbereiding van die aanvalle.

Die verhoor word in Frankryk as "die verhoor van die eeu" beskou en is bedoel om geregtigheid te bring aan duisende slagoffers en familielede. België sien die verhoor as 'n rigtinggewende voorloper vir die verhoor van die aanvalle in Brussel en Zaventem in 2022.

Die aanvalle in Parys is voorberei en uit Brussel uitgevoer, en België gaan lastige vrae moet antwoord soos hoe dit moontlik was dat 'n groot groep terroriste wat uit Sirië gekom het so lank daar onder die radar kon bly? Boonop blyk dit dat 'n groot aantal terroriste en hul helpers in België land gebore en getoë is, nadat hulle ouers as "vlugtelinge" na Europa gegaan het.

Die Franse staatsaanklaer sien die Belg Oussama Atar (37), alias Emir Abu Ahmed, as die meesterbrein wat die aanvalle uit Sirië gelei het. Hy is egter waarskynlik dood in 'n Amerikaanse hommeltuigaanval in Sirië in 2017. Omdat sy dood nie bewys is nie, staan hy, soos vyf ander, in sy afwesigheid tereg.

Na die bloedige aand in Parys het die ses oorblywende terroriste van die sel op 22 Maart 2016 die dodelike aanvalle in Brussel en Zaventem gepleeg. Die twee wat die aanvalle oorleef het, Osama Krayem en Mohamed Abrini, staan ook tans in Parys tereg.

Die aanvalle van die Islamitiese Staat in Parys en Brussel het gelei tot ondersoeke en parlementêre ondersoekkommissies in Frankryk en België. Hierdie ondersoeke het getoon dat die polisie en intelligensiedienste in albei lande verskeie geleenthede misgeloop het om die terroriste vroeër te vang.

Die aanvalle het ook gelei tot 'n wrede ontwaking op internasionale vlak. Geen intelligensiediens van enige groot Westerse of ander mag het die aanvalle voorsien nie. Na die aanvalle is intelligensiedienste en polisie in België en Frankryk versterk.

## Amerika "spog" met nog 'n eerste



*Pete Buttigieg*

Die Amerikaanse regering van die ver-linkse Joe Biden, spog met nog 'n eerste, maar talle konserwatiewe Amerikaners is nie in hulle skik met daardie rekord nie.

Biden het na sy oorname die 39-jarige Pete Buttigieg as minister van vervoer aangestel. Hy is openlik homoseksueel, en het daarmee die eerste homoseksuele minister in Amerika geword.

Buttigieg en sy "man", Chasten Glezman Buttigieg, het die tweeling wat hulle aangeneem het, op sosiale media bekendgestel. 'n Swart en wit foto wat op sosiale media geplaas is, wys hoe die twee mans glimlag elk met 'n baba toegedraai in 'n doek.

In verskeie voorverkiesings het Buttigieg verrassend goed gevaar en linkse media in Amerika begin reeds voorbrand maak vir 'n "getroude homoseksuele president" vir Amerika. Interessant genoeg, is die swart Amerikaanse kiesers, wat nie gunstig staan teenoor homoseksualiteit nie, besig is om te organiseer om sy opmars te stuit.

## Afgaanse probleem in Amerika

Na die Amerikaanse halsoorkop vlug uit Afganistan waarna die Amerikaanse president Joe Biden die grens oopgegooi het vir Afgaanse “vlugtelinge”, sit hy nou met ‘n splinternuwe probleem.

'n Groot aantal manlike Afgaanse pedofiele stroom die Verenigde State binne met seksueel misbruikte kinders wat hulle as hul "vroue" voorstel.

Beamptes van die staatsdepartement sê 'n ondersoek is aan die gang nadat 'n groot aantal manlike Afgane ontdek is wat kinderslagoffers suksesvol na die land gesmokkel het.

Amerikaanse amptenare het talle voorvalle by skuilings in die Verenigde Arabiese Emirate en Wisconsin geïdentifiseer waarin Afgaanse kinders, wat almal geweldadig verkrag is, aan die owerhede voorgestel word as die "vroue" van pedofiele mans.

Die *Daily Mail* berig dat 'n gelekte vertroulike dokument amptenare aanhaal wat vertel van Afgaanse meisies wat op 'n deurgangsroete in Abu Dhabi beweer het dat hulle verkrag is deur ouer mans met wie hulle moes trou om uit Afganistan te vlug.

'n Situasieverslag van 27 Augustus wat aan alle Amerikaanse ambassades en konsulate in die buiteland gestuur is, sowel as aan militêre bevelsentrums in Florida, dui op moontlike probleme met jong meisies en ouer mans, van wie sommige beweer dat hulle meer as een vrou het in Fort McCoy, 'n uitgestrekte militêre basis van 60 000 hektaar in Wisconsin. Personeel by Fort McCoy het verskeie gevalle aangemeld van minderjarige meisies wat hulself as “getroud” met volwasse Afgaanse mans en poligame gesinne voorgedoen het.



## Afgane oorstroom Duitsland ook

Verskeie misdadigers het reeds daarin geslaag om met ontruimingsvlugte op die lughawe van Kaboel vanaf Afganistan na Duitsland terug te keer.

Die Duitse federale polisie het onlangs drie mans gearresteer wat voorheen uit Duitsland gedeporteer is weens misdade soos verkragting en dwelmhandel. Die Afgaanse misdadigers het 'n nuwe asielaansoek ingedien, wat nou, na die oorname van die Taliban, 'n baie groter kans op sukses sal hê as voorheen. Gegewe die land se situasie in die Hindoe Kush, sal Duitse howe waarskynlik nog 'n uitsetting verwerp – selfs dié van 'n ernstige kriminele seksoortreder.

Wat die probleem vererger, is dat daar slegs 576 beskikbare amptenare is om die administrasie van duisende Afgane te hanteer, wat feitlik ‘n onbegonne taak is. Dit is dus duidelik dat die chaos wat in Afganistan heers en deur die Weste veroorsaak word, deur die asielsoekers gebruik sal word om 'n ander groot immigrasiegolf na die EU, maar veral na Duitsland, te veroorsaak, en, soos in 2015/ 2016 sal Islamitiese terroriste ook by die immigrasiestrome aansluit om Sentraal-Europa te bereik.

Die volgende staatsmislukking oor immigrasie neem in elk geval reeds vorm aan. Politici besef blykbaar nie dat Afganistan 'n land in die Midde-Ooste is wat nie aan die EU grens nie. Daar is ook meestal geen oorloë in die Midde -Ooste en die Nabye Ooste tussen Afganistan en die EU nie. Die vraag ontstaan dus: waar moet die verpligting vir Duitsland en die EU vandaan kom om 'n groot aantal Afghaanse vlugtelinge op te neem?



**AfriSolar Supplies**
Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstraat 321
(h/v Koraalboom), Magalieskruin
**R 6 900**
(BTW uitgesluit)

1kW
Draagbare Toestel
Ideaal vir slaap apnee- en suurstofmaskers.
Axel Powroznik: 082 22 44 584
sales@afrisolarsupplies.co.za facebook: AfriSolar Supplies

**WERDA GASTEHUIS**
*Upington akkommodasie*
Perfek vir ‘n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, ‘n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.
Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van ***Die Afrikaner.***
*082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za*


## IK daal deur Derdewêreld immigrasie

Die IK-vlak in Swede wissel baie. Alhoewel immigrante uit Westerse lande dikwels dieselfde of hoër IK-vlakke het as Swede, het immigrante uit die derde wêreld aansienlik laer IK's, wat IK-vlakke oor die hele land reeds verlaag het.

Dit is die bevinding van ’n navorser, Kyösti Tarvainen wat ’n artikel daaroor, “The Good Society”, die lig laat sien het.

Swede se gemiddelde IK het reeds tot 96,3 gedaal weens hoë immigrasie uit die ontwikkelende wêreld. Somaliërs, wat 'n gemiddelde IK van 67,7 het, word die swaarste getref deur lae IK's, berig die koerant, *Fria Tider*.

Die inligting van Tarvainen stem ooreen met vorige feite oor die onderwerp wat in 2015 aangebied is deur Sture Eriksson, 'n medeprofessor in sielkunde aan die Universiteit van Uppsala en 'n voormalige navorser in die toetsing van metodologie en intelligensietoetsing. Hy het toe ‘n artikel: "Lae IQ verduidelik waarom immigrante nie geïntegreer is nie" in *Fria Tider* gepubliseer.

'n Lae IK korreleer met hoë misdaad, hoë bereidwilligheid tot geweld en 'n gebrek aan impulsbeheer, het uit verskeie studies geblyk. In statistieke oor geweld en seksuele misdade is die oorverteenwoordiging van mans uit lande met 'n lae IK 'n paar honderd persent.

"Die vlak van die gemiddelde IK in Swede sal in 2100 tot 92 daal as daar geen beduidende veranderinge in die netto immigrasie kom nie," skryf Tarvainen in sy studie.

Hy toon ook aan dat soortgelyke resultate geld vir Denemarke, Noorweë en Finland.

As diegene wat vandag gebore word 80 jaar oud word, sal daar 6,2 miljoen Swede en 9,6 miljoen immigrante in Swede woon.

---

## Entstof

*(Van bladsy 8)*

Persoonlik ken ek twee mense wat tussen 3 en 4 weke nadat hulle die "entstof" geneem het, Covid-19 gekry het en toe in die hospitaal dood is. Indien mens op sosiale media kyk, lees mens ook van baie mense wat iemand persoonlik ken wat 'n paar weke nadat hulle die "entstof" geneem het, sterf. Sommige kry bloedklonte of hartaanvalle, ander kry Covid maar die eindresultaat is dieselfde: die dood.

Dan is daar na bewering ook mense wat ernstige newe-effekte ervaar soos byvoorbeeld verlamming en spierprobleme.

Die Amerikaanse "Food and Drug Administration " (FDA) het ook erken dat mense wat die Covid-entstowwe neem "ernstige en onverwagse newe-effekte mag ervaar."

Om die vraag te beantwoord of die Sjinese virus se "entstowwe" veilig is, kan mens in die lig van bogenoemde beslis nie glo die entstowwe is veilig nie. Tensy mens ook die speel van russiese-roulette as veilig beskou. Met Russiese roulette het jy 'n rewolwer wat plek het vir ses rondtes. Jy sit egter net een rondte in. Dan druk jy die rewolwer teen jou kop en trek die sneller. Aangesien daar net een rondte in is en daar dus vyf kanse is dat die hamer op 'n leë kamer gaan val, is Russiese roulette ook "veilig" aangesien jy 'n groter kans het om te oorleef as om te sterf...

Mnr. Jaap Marais, tweede Leier van die HNP, het geweet die Geldmag is die Afrikanervolk se vyand. Vandag is die internasionale Geldmag egter 'n groter bedreiging as ooit. Afrikaners moet nie vir een oomblik dink die Covid-19-pandemie gaan oor 'n gevaarlike siekte nie. Dit gaan oor magtige mense wat agter die skerms die toutjies trek en nog méér mag wil hê.

Wêreldwyd word mense gewoond daaraan gemaak dat hulle vryhede weggevat of ingeperk word. Die "groot krisis" waarvan David Rockefeller gepraat het, is nou hier en die beplanners van 'n eenwêreldregering weet hulle is naby aan hulle doelwit. Die vraag is net of ons dit maar gaan aanvaar en of ons weerstand gaan bied.


**Die Afrikaner**

As gevolg van Swart bevoordeling in die ekonomie, verloor Witmense deurlopend hulle werk of bestaande kontrakte. Diesulkes moet 'n manier kry om die pot aan die kook te hou.

Kom ons as blanke sakemanne vat hande en ondersteun mekaar: ek help jou en jy help my.

**Hoe doen ons dit?**

Vir slegs R300 per maand is ons bereid om u sake-onderneming te adverteer.
U stel self die advertensie in Afrikaans op (10cm X 6cm) en stuur dit aan **admin@hnp.org.za**

**Ons plaas u advertensie**

1. in elke uitgawe van ***Die Afrikaner***,
2. een maal per week op ***Die Afrikaner*** se Facebook-blad, en
3. stuur dit elke tweede week per e-pos aan 'n lys van mense met e-adresse. (Die lys het tans ruim meer as 1000 adresse en groei deurlopend.)
4. Teken u op ***Die Afrikaner*** in om elke uitgawe van die blad te ontvang (per landpos of e-pos: u keuse) vir solank as wat u adverteer.

***Afrikaners help mekaar! Is u bereid om deel van dié te word?***

Skakel gerus met Juanita by
**admin@hnp.org.za**




## Toe gebeur dit

Ja, en toe gebeur dit soos almal maar seker verwag het. Jacob Zuma is so siek, dat hy op mediese parool vrygelaat word, ‘n redelike tyd voor hy vir die normale parool in aanmerking gekom het.

En hy is so siek, dat hy nie eens huis toe gegaan het nie. Hy is steeds in die vyfster korrektiewe verblyf in Estcourt, en steeds daar in die hospitaal. Skynbaar sou die dokters daar gesê het dat hy onder hulle sorg bly totdat hy sterk genoeg is om sy harem in Nkandla te kan gaan ontmoet. Hy is dus werklik siek...!

Tog weet niemand regtig wat hy makeer nie. Sy mediese verslag wat deur die hof aangevra is, is laat ingedien. Daar moes seker te veel dokters ‘n emosioneel-wetenskaplike ontleding opstel (dieselfde soort emosioneel-wetenskaplike argumente wat oor Covid en entstowwe opgedis word) wat die kommissaris van korrektiewe dienste dadelik na sy sneesdoekie sou laat gryp en die sieklike ou staatshoof vrylaat. Nietemin, dit is vir die regter gegee, maar skynbaar is dit nog geklassifiseerd. Geheim, dus. Niemand mag weet wat daarin staan nie.

**Sarel** se een onbetwisbare informant het egter ‘n voëltjie hoor fluit dat die ex-president ‘n prostaat operasie gehad het. Nou ja, daardie soort siektetoestande word soms as sensitief beskou en baie mense wil dit nie aan die groot klok hang nie.

Maar nou is daar ‘n tweede proses, en dit is dat daar geëis word dat die redes vir die mediese parool ondersoek moet word. Skynbaar maak die Wet op Korrektiewe Dienste geen melding van ‘n spesiale mediese parool nie. Slegs die kommissaris kan daaroor ‘n besluit neem. Wel, duidelik het die kommissaris dit gedoen sonder om iemand te raadpleeg of sonder om aan iemand daaroor verslag te doen. Hier is duidelik nog ‘n loslopende kat in die hoenderhok wat nog vir amusante stories kan sorg.

• ***Sarel** glo natuurlik dat dit amusante liegstories gaan wees, waar rolspelers hulself sal wil los kry sodat ander die plek van Zuma se leë sel kan inneem.*

## Min vertroue in polisie

Die vertroue van die publiek in die polisie is skokkend laag. Of moet **Sarel** eerder sê verheugend laag?

Van welke kant mens ook daarna kyk, is dit geen pluimpie vir die veronderstelde wetstoepassers nie.

Die Gautengse portefeuljekomitee vir gemeenskapsveiligheid het ‘n tweedaagse seminaar oor veiligheid gehad. Tydens daardie besprekings het dit geblyk dat die dissipline in die polisie feitlik verdwyn het en dat baie van hulle geen geleentheid verby laat gaan om so ‘n bietjie persoonlike voordeel te trek uit korrupsie en omkopery nie; substandaard-ondersoekvaardighede besit; betrokke is by vernietiging van polisiedossiere; die verkoop, steel of vernietiging van bewysstukke en afpersing wat lei tot totale magsmisbruik.

Die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) het gedurende die seminaar ’n voorlegging gedoen. Daarvolgens het slegs 26% van Suid-Afrikaners ’n redelike vertroue in die polisie en R1,8 miljard se eise is die afgelope vyf jaar betaal weens onwettige arrestasies. Daarbenewens sê die ISS dat die skuldigbevinding van polisielede laag is en baie lede word kwytgeskel met net ’n waarskuwing of ’n minimale strafoplegging. Boonop is talle polisielede onkundig oor hul magte en pligte, wat lei tot magsmisbruik en onwettige arrestasies.

Omdat daar dus geen vertroue tussen polisie en die publiek is nie, word al hoe minder sake aangemeld, want mense wil nie deur die frustrasie of selfs trauma gaan om by ‘n klagtekantoor gehelp te word deur ‘n dikwels onwillige, ongeskikte en ongeletterde polisiebeampte, en dan gebeur daar uiteindelik niks nie.

Baie duidelik is die polisie se opleiding nie op standaard nie, en is dit maar nog een van die arms van die falende staat. Oor die misdaadstatistiek gaan

*(Vervolg op bladsy 13)*

*(Van bladsy 12)*

**Sarel** nie nou meer sê nie. Ons vorige uitgawe van ***Die Afrikaner*** het al die grusame besonderhede daarvan gerapporteer.

As dit nou sleg gaan met die polisie: hou hierdie spasie dop in drie tot vyf jaar, wanneer die laaste deeglik opgeleide en lojale polisielede aftree.

Intussen word hulle al meer aangewend om die reeds korrupte en oorbetaalde niksdoenende politici op te pas. Sedert Mei 2019 het 184 politici persoonlike beskerming van die polisie geniet teen 'n koste van byna R400 miljoen. Daar is nie geld om nuwe polisielede aan te stel nie, maar daar is wel geld om die politici se basse veilig te hou.

*• **Sarel** voorspel dat die vertroue in die polisie binnekort in die rooi gaan wees: die polisie gaan hulleself nie eens meer vertrou nie...*

## Wie regeer eintlik?

Dit wil vir **Sarel** voorkom of die land so stilweg 'n nuwe regering gekry het.

Al hoe meer sake word na die Grondwetlike Hof verwys "vir beslissing", omdat die ANC-bewind nie tot besluite kan kom as hy eers drooggemaak het nie.

So moet dié hof besluit of daar 'n munisipale verkiesing moet wees of nie. Selfs die paar dae tydperk waarin dit moet plaasvind, word bepaal. Dus, **Sarel** reken die betrokke minister kan maar afgedank word en dan spaar dit die belastingbetaler ten minste 'n hoop salarisgeld.

Die volgende ding waaroor die Grondwetlike Hof moet beslis, is of gedwonge inentings reg of verkeerd is. Steeds meer mense begin twyfel oor die inentings, en die daaglikse koers is aan die afneem, dus wil die ANC-bewind nou weer eens sy mag gebruik om almal aan die inentings te onderwerp. Weer eens wil die spul nie self 'n besluit neem nie, maar gaan dalk nou weer die Grondwetlike Hof nader om daaroor te besluit. Dalk dink hulle dat die uitspraak van een of meer wit regters in hulle guns die ding sal doen. **Sarel** voorspel dat dit niks sal verander nie.

Wat egter nog meer skrikwekkend van die storie is, is dat die Grondwetlike Hof selfs sal moet besluit of geloofsoortuigings rede genoeg is om die inentings te weier.

Al sou die Grondwetlike Hof verklaar dat mense self die reg het om te besluit oor inenting of nie, en al sou hulle besluit dat geloofsoortuiging wel 'n rede is om inentings te weier, is die blote feit dat hulle oor allerhande soortgelyke sake die reg kry om uitsprake te lewer, al genoeg rooiligte. Netso gaan hulle waarskynlik ook uiteindelik besluit oor die voorgestelde "inentingspaspoort".

*• Binnekort gaan regters vir die Grondwetlike Hof seker aangestel word op grond van hul kundigheid van meer as net die regte sodat hulle die regeringsfunksies kan oorneem.*

## Oorlog van die luggolwe



Dit is nie net die politiek wat onstuimig raak nie. Dit gaan maar oral so, selfs in die eter, waar uitsaaiers met mekaar meeding.

Daar is tans verskillende kategorieë uitsaaiers in die land: die openbare uitsaaiers, wat die "His Masters' Voices" van die bewindhebbers is. Dit is die hele SABC familie. Dan is daar die kommersiële uitsaaiers, wat belange van instansies verteenwoordig, en daar is die gemeenskaps- uitsaaiers, waarvan daar talle is, waaronder die huidige Pretoria FM.

Wyle mnr. Jaap Marais het altyd gesê dat daar geen werklik onafhanklike media-instelling bestaan nie. Iemand finansier hulle en die finansiers bepaal die redaksionele beleid.

Die regte egte gemeenskap-radiostasies kon nog altyd grootliks die besondere prestasie behaal om onafhanklik en onverbonde te wees. In die dae van Radio Pretoria was dit merkbaar, en selfs die HNP kon nog van tyd tot tyd sy standpunte daar verdedig – iets wat tans nie meer gebeur nie nadat 'n belangegroep dit oorgeneem het en in die gees van die "nuwe" Suid-Afrika ook 'n nuwe naam gekies het, naamlik Pretoria FM.

Nou is daar effe onenigheid tussen Pretoria FM, wie se direksie merkwaardige ooreenkomste toon met die bestuurspanne van die Solidariteit-Beweging, en Primedia. Primedia is 'n kommersiële groep wat onder andere Radio 702 en Cape Talk bedryf. Primedia is nou kwaad dat Pretoria FM uitsaai deur sekere van sy filiaalstasies, want dit sou Primedia, wat Engelssprekende luisteraars verteenwoordig, benadeel.

*(Vervolg op bladsy 14)*

(Van bladsy 13)

Hoe hierdie Ingelse daardie sommetjie maak, is vir **Sarel** pure onverstaanbare Engels, want al het Pretoria FM se taalgebruik effens meer van 'n mengelmoes geword, is dit tog nog redelik verstaanbare Afrikaans, en hulle adverteerders spit hul juis toe op die Afrikaanse mark.

Bowendien is Primedia helfte Ga!Teng en helfte Wes-Kaap, maar alles in die taal van die kolonialis. Die dispuut van Primedia met Pretoria FM kom voor die hof enkele dae na Pretoria FM se verjaardag. Maar eintlik was die ontstaan op 18 September 1993, toe Johannes van der Walt die "Stasie te Velde" aangekondig het, die begin van Radio Pretoria. Pretoria FM was nog nie eens 'n gedagte in iemand se oog of rekenaar nie.

Die voorsitter van Pretoria FM, Willie Spies, skryf in 'n rubriek in *Beeld* oor hierdie verwikkelinge, en gee dan so 'n bietjie historiese agtergrond: hoe Pretoria FM ses keer hof toe moes gaan om sy saak te verdedig om te kan bly uitsaai, en hoe Pretoria FM in 2010 die eerste keer by OKOSA 'n vyfjaaruitsaailisensie gekry het.

*• **Sarel** wil vir Willie net daarop wys dat daardie gebeure Radio Pretoria te beurt geval het, lank voor die naam- en inhoudsveranderinge, en die sensuur teen die HNP by Pretoria FM!*

---

# 'n Politieke voëlvlug oor 50 jaar

## NOU TE KOOP

Hierdie waardevolle HNP Gedenkalbum skets die politieke gebeure vanaf 1966 (na die sluipmoord op dr HF Verwoerd) tot die oorgawe aan die ANC.

- Wat was die redes en wat het gebeur dat Suid-Afrika se politieke mag aan 'n swart kommunistiese bewind weggegee is?
- Hoe was dit moontlik dat 'n land wat 'n toonbeeld van sukses onder Eerste Wêreldlande was, in minder as 50 jaar afgebreek en vernietig is van goudstatus tot rommelstatus?
- Kon dié vernietigende politieke proses gestuit word?
- Wie was die skuldige mense wat dit toegelaat het?
- Was daar ander rolspelers as net die politici van die NP?
- Watter rol het die HNP in dié proses gespeel?
- Hoekom is die KP gestig en watter rol het die KP gespeel?

Die album is geskryf deur mnr Louis van der Schyff wat as HNP-lid en –amptenaar eerstehands kennis het van hierdie politieke ontwikkeling en dit intensief meegemaak het.

**Hierdie album verdien 'n prominente plek op elke politieke boekrak. Die waarde van dié boek, en die inligting wat daarin saamgevat word, is van onskatbare waarde!**

► **Die gedenkalbum beslaan 388 A4-bladsye.**
**Dit is op 115gm glanspapier gedruk**
**met 'n groot aantal kleurfoto's.**

► **Die koste is R600 per boek. Koerierkoste is R100.**




**Bestellings**
**en navrae:**

**Tel 079 752 4898**
**(voormiddag)**

**info@hnp.org.za**

# Woord en wêreld



## Hoe hanteer ons verlies/skade?

***Deur Dr. Gideon Grobler***

**Skrifgedeelte: Jak 1:2 - 3** ***Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.***



*Dr. Gideon Grobler*

**Oordenking:** Hoeveel van ons het nie naby mense wat nié nadelig geraak is of hulle werk verloor het in die afgelope tyd nie! Hoeveel van ons ervaar nie sélf, of het geliefdes wat byvoorbeeld as gevolg van Covid-19 hul werk grootliks of selfs geheel verloor het nie?

Hoe hanteer ons dit? Paul Tripp skryf (vry vertaal): *"Die geestelike geveg gedurende tye van beproewing, word fundamenteel gewen of verloor in hoe ons die feite interpreteer, nie deur die beproewing sélf nie!"* Hy voeg daaraan toe: *"Ons interpretasie bepaal in werklikheid wat ons sien en hoe ons dit sien."*

In praktyk kom dit op die volgende neer: Hoe kan God toelaat dat ek as toegewyde gelowige sulke onreg moet hanteer? Hierdie denke of hantering van die feite dui daarop dat ek met my stryd besig is en God wat my moet help om suksesvol te wees het my eintlik in die steek gelaat.

Hierteenoor is die denkwyse dat ek as gelowige, in Christus is, besig is met die stryd waartoe Hy my geroep het. Ek weet dus dat alles uiteindelik sal meewerk ten goede. Ek is besig met die lewe/stryd waarbinne God my geplaas het en Hy gebruik ook beproewing om my te omvorm soos Hy wil sodat ek ook daardeur sal groei om meer te word soos Sy beeld waarna ek geskape is.

***Gebed: Hemel Vader, lei my asseblief dat ek die woorde van Jacobus van harte kan lééf, nie net met my verstand probeer verwerk nie!***

AMEN

---


**Moeg vir die stad en sy gejaag?**

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by


**Voorbegin Bosveldverblyf**

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.





***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans ingeperk sit in 'n ouetehuis..




*Liewe sus Katrien,*

In die Kaap is die lente groen en vol blomme. Hier in ons liewe ou Transvaal weet ons dis lente as jy een oggend opstaan en oral is daar klein groen knoppies aan die witstinkhoutboom se kaal takkies. Het jy 'n akkerboom en jy sien een oggend dat hy skielik vol lower is, weet jy dit gaan 'n goeie reënjaar wees.

Om Union no. 8 kon ons Donderdag ook sien dat daar lente in die lug is. Weg is die warm breiwerk en skielik sit almal met kleurvolle appliekwerk. Daar is ook nie meer 'n pot bonesop op die stoof nie, net 'n vrolik-dansende ketel. Deur die oop buitedeur kom die soet geur van jasmyn wat in volle blom is.

"Waar is die mans vanoggend?" vra Maria.

"Die hele klomp is by Koekemakranka besig om vir Septimus en Herklaas te help met die stookketel. Hulle voer beslis iets in die mou, want Andante het sy verfgoed saamgevat," kom van Allegro.

"Praat van beplanning, Allegro, het julle al begin rondkyk vir 'n maat vir Beaufort? Ek sien hy staan en balk so vir die donkie oorkant die pad," sê Cornelia.

"Ja ons het gesien dis tyd dat ons sy Victoria begin soek, veral noudat dit lente ook nog is. Miskien bietjie oorkant die pad gaan onderhandel."

"Ja, en volgende week wanneer Sienie en Neels terugkom, kom hier nog nuwe bokke ook - Tweede Wind begin vorentoe boer," meen Bettie.

"Terloops, binnekort is moerbeityd. Wie van julle gaan konfyt en stroop kook?" vra Hortensia. "Ons bessies begin mooi aankom en dit lyk of ons 'n goeie oes gaan hê. Handelspos se rakke gaan lekker volgepak word."

Ek kyk by die deur uit en sien twee mans met 'n kruiwa hoogvol bloekomblare verbystap na Koekemakranka. Daar broei beslis iets... sal maar wag en sien, dink ek terwyl ek voort werk aan my appliek.

"Dis binnekort Krugerdag. Het julle al begin dink wat ons gaan doen?" vra Lina. "Ek het gewonder of ons nie maar weer 'n piekniek moet hou met 'n paar items nie. Mens mag seker nog nie herdenkings in die saal beplan nie."

Bettie kyk op. "Ek het iewers my ouma se resep vir 'n Paul Krugerkoek. Ek sal hom soek, ek onthou net daar kom 12 eiers in."

Die mans begin aankom vir koffie en ons kan sommer sien hulle bedwing 'n opgewondenheid soos 'n lot stout kinders.

"Dames," sê sakeman Septimus. "Mens moet altyd probleme in geleenthede omskep. Die stookketel staan nou in een van die skool se ou buitekamers. Hy is fluks aan die stook. Herklaas het verlepte vrugte van die dorp af gebring en saam met die bloekomblare stook ons nou ons eie bloekomgeur-handreiniger. Dit kan hier by Handelspos bemark word, Andante skilder reeds die bord."

Die aand sê ek vir Servaas: " Dink jy nie die mense sal die handreiniger probeer drink nie?"

"Miskien ontdek ons so 'n wondermiddel teen die pes. Dit sal ten minste meer skop hê as die honde se wurmpille," lag hy.

Groete aan ou Swaer
Jou liefhebbende
***Sus Lettie***



